# SONDAGSKOOL LES: **Jesus die Lig vir die wêreld**

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat Jesus die enigste Lig vir ons in hierdie donker wêreld is en dat ons Hom moet soek.

**Ysbreker:**

- **Lig vir die wêreld speletjie:** Deel die grootgroep op in 2 groepe. Gee vir elke groep 'n sakkie met instruksies in. Elke groep kies 1 persoon om te begin met die speletjie. Daardie persoon neem 1 instruksie uit die sakkie uit. Hulle mag nie vir die groep lees wat op die papier staan nie, maar moet dit slegs doen. Die ander moet dan sy/haar voorbeeld volg en doen wat hy/sy doen. Wanneer almal dit doen, kan die volgende persoon 'n instruksie gaan haal en die speletjie gaan dan so aan.

Vrae in groepe:

- Wat was moeilik van om die lig te wees?
- Wat was lekker van om die lig te wees?

Sê: In Johannes 8:12 sê Jesus dat Hy die lig vir die wêreld is. Vandag gaan ons bietjie gesels rondom wat dit vir ons beteken en hoe Jesus ons lig is.

Aktiwiteit:

Blinddoek elke kind in die groep. Gee vir 'n legkaart wat hulle nou moet bou. Gee 'n rukkie kans en laat hulle die blinddoeke dan afhaal.

**Vrae in groepe:**

- Hoe sal julle donkerte beskryf?
- Hoe sal dit wees om sonder lig te leef?
- Watter effek het donkerte op ons?

Kry terugvoering.

**Lees Johannes 8:12 en 21-24**

**Vrae in groepe:**

1. Wie is die Lig? (Jesus)
2. Wat is die donkerte wat mense liewer het as die lig? (Sonde)

(Wanneer mense hou van sonde doen, wil hulle nie naby Jesus se lig wees.  Wanneer hulle sonde doen as hulle naby Jesus se lig kom, sal hulle sien en besef hoe sleg hulle dade is. Mense wat hou van sonde doen, wil gewys word hoe sleg hulle dade is nie.)

3. Hoe is mense wat in die lig leef anders as die wat die donker verkies?  (Jy glo wat Hy vir jou aan die kruis gedoen het en hou nie daarvan om te leef in donkerte en sonde nie. Gelowiges haat die sonde wat hulle doen en probeer so naby as moontlik aan Jesus, die lig, lewe.)

**Groepwerk:** Die lig van Jesus word vir elke persoon aangebied, maar elkeen van ons het die keuse of ons Hom wil aanneem of verwerp.

Groepe moet nou soveel moontlike gevolge/voordele lys vir:

Om Jesus as jou lig aan te neem;

As iemand nie vir Jesus aanneem as hulle lig nie.

Die gevolge/voordele moet die hier en nou, toekoms en hiernamaals lys.

Kry terugvoering.

Jesus se lig is beskikbaar vir almal.  As jy nie vir Jesus in jou lewe ingenooi het nie, is die vraag wat jy jouself moet vra:  Hoekom nie?

Sluit af in groepe met gebed.

**Instruksies**

Gee elke persoon 'n high five

Spring op en af 3 keer, gaap en gaan sit op 'n stoel

Klap jou hande 4 keer, raak aan albei mure en sê Jesus is die lig

Gaan skud jou onderwyser se hand en sê dankie dat jy vir my omgee

Doen 10 jumping jacks

**Instruksies**

Gee elke persoon 'n high five

Spring op en af 3 keer, gaap en gaan sit op 'n stoel

Klap jou hande 4 keer, raak aan albei mure en sê Jesus is die lig

Gaan skud jou onderwyser se hand en sê dankie dat jy vir my omgee

Doen 10 jumping jacks

**Instruksies**

Gee elke persoon 'n high five

Spring op en af 3 keer, gaap en gaan sit op 'n stoel

Klap jou hande 4 keer, raak aan albei mure en sê Jesus is die lig

Gaan skud jou onderwyser se hand en sê dankie dat jy vir my omgee

Doen 10 jumping jacks